Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898 Nr 2207 5 Mei 2023

# Vlag kwansuis Haatspraak, "boere vermoor en verkrag werkers" nie



Die Appélhof in Bloemfontein het Afriforum se appél van die hand gewys oor die verbod op die vertoon van die Unievlag en latere Republiekvlag. Ingevolge die uitspraak mag die landsvlag wat tot 1994 gehys was, nie meer vertoon word nie, want die vlag sonder 'n stem of 'n tong kan praat, en sy teenwoordigheid kom neer op haatspraak, volgens die hof.

Op sogenaamde Menseregtedag in Maart vanjaar, het die kommunistiese vakbond, Cosatu, wat seel is van die regerende drieparty-alliansie, die volgende in 'n amptelike verklaring te sê gehad: *"Nowhere are human rights more at risk than on farms, across the country, where workers enjoy the fewest rights and are the most exploited and abused. Ruthless employers still pay poverty wages, summarily evict tenants from their homes, and sometimes assault, rape and even murder their workers. They are also often forced to work on public holidays and do not enjoy their hard-won rights. It is time we took seriously the need to provide farm workers and their families with their own homes and land and thus shield them from the perennial threat of evictions."*

Hierdie stelling is gemaak sonder enige bewyse, en was net 'n emosionele verklaring wat daarop gemik

*(Vervolg op bladsy 3)*

Die Redakteur……

# Semantiese bedrog

In die derde video wat deur die HNP se Inligtingsdiens uitgegee is, gaan die gesprek oor die begrip vryheid na aanleiding van die sogenaamde Vryheidsdag, wat 'n vakansiedag is om die ANC se oorwinning oor die Blankes in Suid-Afrika te vier.

Mnr. Andries Breytenbach, vorige HNP-leier, noem dié dag die Dag van Skande, omdat die volksverraaiers, sonder enige mandaat, die bewind aan die ANC oorhandig het.

Dit is egter nie net die misleiding van die naam Vryheidsdag waaraan mense al helaas te gewoond geraak het nie, net soos die nuwe plekname wat die ANC-bewind ingevoer het, al by te veel van ons volksgenote deel van hulle alledaagse spreektaal geword het, en so reg in die hande van die sosiale transformasie van die ANC speel.

In 'n mediaverklaring wys die Calvinistiese Alliansie ook heel tereg op 'n ander dag, naamlik die sogenaamde Werkersdag, 1 Mei.

"Die tragedie dat sogenaamd 'goeie mense' hiermee die gewaande utopia van die kommunisme vier, ontgaan meeste.

"Hierdie viering word natuurlik nie eksplisiet so verduidelik nie en word verder deur die misleiding van die vakbondwese voorgehou as 'n dag waardig om te vier.

"En juis omdat "May-day" in ons dag deur onder andere die vakbondwese as 'positief' ingekleur word, pas dit soos 'n handskoen by die valse, uitbuitende aard van vakbonde as agente van die Bose – juis geniet dit tragiese sukses, weens leuens wat vir mense soet op die oor val.

"Hoe is die kommunisme die inherente waardebepaler van 1 Mei in die moderne konteks?

"Uit die verstedeliking en industrialisering van Europa in die tydperk circa 1750 – 1850, is die samelewing deur verskeie rewolusies grondliggend verander.

"Die een gemene faktor van hierdie dramatiese sosiale omwenteling was spesifiek die verwerping van gesag, daarmee ook die geloof en die God van orde en Gewer van gesag.

"Die era van 'menseregte' wat deur die Franse Rewolusie en die denkers agter hierdie stelsel van vernietiging, het elke ander lewensterrein vergiftig.

"In die rewolusionêre klimaat was die tyd dus ryp ook vir rewolusie in die werkplek.

"Twee kante van dieselfde munt van opstand teen die samelewingsorde was die kommunisme – gegrondves deur Marx en Engels, spoedig oorgeneem deur die volgende geslag rewolusionêres soos Vladimir Ulyanov – beter bekend as Lenin.

En die vakbondwese, – wat ten doel gestel het 'die ondermyning van kapitalisme'".

Die Calvinistiese Alliansie wys verder daarop dat die kommunisme in aktief-rewolusionêre vorm, ook politieke mag openlik najaag, soos in die latere kommunistiese rewolusies van die vroeë twintigste eeu.

Die invloed van die vakbonde, as die selfaangestelde spreekbuis van die werkers, se rol is daagliks sigbaar, en onderstreep die stelling dat hulle nie gesag aanvaar nie. Selfs Cosatu, wat kamtig deel is van die drieparty-alliansie, steur hom nie aan die wette en reëls van sy eie koalisievennoot, die ANC-bewind nie.

Die rampokkery tydens stakings is al oorbekend. Selfs noodsaaklike dienste soos polisie of verpleging, staak onwettig op aandrang van die vakbonde. Hulle gee nie om dat mense sterf in hospitale of dat misdadigers vry bly loop nie.

Volgende maand is dit Jeugdag. In die ou dae was dit bekend as Sowetodag, toe die Swartes die blanke gesag uitgedaag het. Einde van die jaar is Versoeningsdag, om daarmee die Geloftedag van weleer van die tafel te vee.

As ons werklik in verset wil kom teen die tirannie oor ons, sal ons moet begin om nie self skuldig te word aan die semantiese bedrog wat aan ons opgedis word nie, en moet ons geen erkenning gee aan die valse plekname wat ons geskiedenis moet uitwis nie.

Die groot dinge in die lewe word bereik deur by die kleintjies te begin.

## Vlag kwansuis Haatspraak

*(Van bladsy 1)*

was om die boerdery-bevolking weer eens verdag te maak en die gemoedere teen hulle op te sweep. TLU SA het onmiddellik 'n klagte by die sogenaamde Menseregtekommissie gelê teen Cosatu, maar die MRK het as skoothondjie van die regering natuurlik TLU SA se beswaar van die hand gewys en gesê dit is geen haatspraak nie.

Die gedienstigheid van die MRK, en skynbaar ook die howe, aan die ANC-bewind, maak daagliks 'n groter bespotting van die hooggeroemde "regstaat", en van die onafhanklikheid van die MRK en die howe.

Elders in hierdie uitgawe word die geskiedenis van die ou Republiekvlag in besonderhede bespreek deur mnr. Andries Breytenbach. Prof. Koos Malan wys ook oop op die gevaar van die Appelhof se uitspraak op ander terreine, en Afriforum se mnr. Ernst van Zyl word aangehaal oor hoe hy die nuwe RSA-vlag beskou.

# Die Republiekvlag — van eenheidsimbool tot "haatspraak "

**Andries Breytenbach**


**Inleiding**

Die appèlhof in Bloemfontein het pas die vroeëre uitspraak van die gelykheidshof, naamlik dat openbare vertoning van die republiekvlag op haatspraak neerkom, bekragtig. Die saak om dit as haatspraak verklaar te kry, is deur die Mandela-stigting aanhangig gemaak. Tog ironies, so 'n uitspraak, as in ag geneem word wat die simboliek van daardie vlag bedoel was om te wees.

Op 31 Mei 1910 het die Unie van Suid-Afrika as 'n dominium — dit wil sê 'n selfregerende Britse kolonie — van die Britse Ryk tot stand gekom. Vir die volgende 18 jaar was die Britse vlag, die *Union Jack*, die amptelike vlag van die nuwe staat.

Die blanke bevolking van die Unie het bestaan uit die Boere van die gewese Transvaalse en Vrystaatse Republieke, en die Afrikaanse en Engelse onderdane van die twee Britse kolonies, Natal en die Kaap. Hierdie teenstellende twee volksgroepe met teenstrydige lewensbeskouings, kulture, lojaliteite, en opvattinge oor nasieskap moes nou tot een volk of nasie met 'n gemeenskaplike lojaliteit groei.[1]

Die Eerste Minister, genl. Louis Botha, en Jan Smuts het hulle heelhartig met die Britse ryk vereenselwig en Suid-Afrika ondergeskik aan die Empire beskou. Daarenteen was genl. JBM Hertzog daarop gesteld dat die nuwe Unie nie 'n hond aan die leiband van Brittanje mog wees nie, maar dat dit 'n selfstandige staat met selfrespek moes wees. Sommer vroeg-vroeg het hy dit onomwonde gestel



*Jan Smuts*

dat in enige botsing tussen Suid-Afrika se belange en dié van die Britse ryk, Suid-Afrika se belange eerste gestel moes word.

In die naweë van 1922 se arbeidsonluste en Smuts se hardhandige onderdrukking daarvan, het die Nasionale Party en die Arbeidersparty van kol. FHP Creswell in 1924 'n pakt gevorm en op 17 Junie van daardie jaar die algemene verkiesing gewen. Genl. Hertzog het nou die eerste minister geword en hy het dit sy taak gemaak om aan die selfstandige status van die Unie[2] prakties beslag te gee. 'n Belangrike stap hiertoe sou die skepping van 'n eie Suid-Afrikaanse burgerskap en vlag wees. Die man wat die bul by die horings sou pak, was die nuwe Minister van Binnelandse Sake en leier van die Kaaplandse Nasionale Party, dr. DF Malan.

---

1 S.W. Pienaar en J.J.J. Scholtz, *Glo in u Volk. Dr. D.F. Malan as Redenaar 1908-1954*, p. 145.

2 Reeds in 1919 het die Britse Eerste Minister, Lloyd George in 'n skrywe aan genl. Hertzog verklaar " Finally, I would point to the status which South Africa now occupies in the world. It is surely no mean one. As one of the Dominions of the British Commonwealth the *South African people control their own national destiny in the fullest sense*. In regard to the common Imperial concerns, they participate in the deliberations, which determine Imperial policy, on a basis of complete equality."(D.F. Malan, *Afrikaner volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*, pp. 62-63).

Vir Malan was 'n vlag nie 'n blote doek nie, maar 'n sinnebeeld van volksbestaan; 'n lewende iets; die middelpunt van die volksgevoel.[3] Daarom het hy reeds in September 1924 'n eie nasionale vlag as simbool van gemeenskaplike nasieskap bepleit en aangevoer dat dit die twee volksgroepe tot een nasie sou smee. Die *Natal Witness* het gereageer met 'n eis dat enige vlagontwerp die Unie se verbintenis met die Britse ryk moes simboliseer.[4]

Malan het sy pleidooi opgevolg deur in Januarie 1925 die *Suid-Afrikaanse Nasionaliteits- en Vlagwetsontwerp* in te dien.[5] Omdat hy 'n party-politieke benadering in en buite die parlement oor die saak wou vermy, het die wetsontwerp nie 'n ontwerp vir 'n vlag bevat nie, maar slegs voorsiening gemaak dat die Goewerneur-generaal "by kennisgewing in die Staatskoerant 'n tekening van die Nasionale vlag... (kon) voorskrywe".[6]



*Dr. D.F. Malan*

Smuts, wat toe die leier van die Opposisie in die parlement was, het die beginsel van 'n eie vlag ondersteun, dog het versoek dat die wetsontwerp 'n jaar lank uitgestel moes word sodat 'n gesamentlike kommissie ontwerpe kon ontvang en oorweeg. Malan het daartoe toegestem, maar gou agtergekom dat Smuts die voortgang van die saak doelbewus vertraag het. Op Smuts se aandrang is uiteindelik 'n onoffisiële konferensie van partyverteenwoordigers aangewys, wat dan 'n klein kommissie van deskundiges kon raadpleeg.

Malan se voorstel was dat geen van die ou simbole wat aan die stryd en verdeeldheid van die verlede sou herinner, in die vlag ingesluit moes word nie. Dit moes 'n "skoon vlag" wees wat die nuwe nasie tot een gemeenskaplike vaderlandsliefde kon verenig. Die SAP-verteenwoordigers daarenteen, was beslis dat die Britse konneksie op een of ander manier in die vlag voorgestel moes word.[7]

Die vlagkwessie het prominensie in die koerante geniet en gemoedere het hoog opgelaai. Die SAP-koerante was venynig teen die idee van 'n eie Suid-Afrikaanse vlag en sou onder geen omstandighede 'n vlag aanvaar waarop die *Union Jack* nie prominent gepryk het nie. Malan was egter vasbeslote en het gedurende die 1926-parlementsitting weer die vlagwetsontwerp voorgelê. Na die Eerste Lesing van die wet is dit na 'n gekose komitee verwys. Op dié komitee was die NP en die Opposisie asook die twee bevolkingseksies eweredig verteenwoordig. Aanvanklik het sir Patric Duncan, die SAP-LV vir Yeoville op die komitee, dr. Malan se idee van 'n "skoon" vlag gesteun, maar Smuts en sy ander volgelinge se standpunt was: "we can't give away the *Union Jack*. South Africa will be torn from one end to another if we do."

Verskeie voorstelle is deur verskillende persone gemaak, dog elk daarvan het voor die kritiek wat dit ontlok het — veral van die pro-Britse en jingogeledere, wat op prominensie van die Britse vlag in enige ontwerp aangedring het — gesneuwel.

Weens die ongekende teenkanting asook optrede uit eie NP-geledere, het dr. Malan in 1926 ingestem om die wetsontwerp vir nog 'n jaar voorwaardelik uit te stel. "Wanneer die volk beter ingelig is", het hy verklaar, sou daar 'n ommekeer van gevoel plaasvind.[9] Terwyl genl. Hertzog in 1926 die Rykskonferensie in Brittanje bygewoon het, het Tielman Roos as premier waargeneem. Onder sy leiding het die Uitvoerende Bestuur van die Transvaalse NP gedurende dié tyd aanbeveel dat die vlagwetsontwerp teruggetrek moes word. Ook Oswald Pirow, die bekende Volksraadslid vir Soutpansberg, het die aanbeveling gesteun.[10]

**Die Balfour-verklaring**

Die Rykskonferensie van 1926 was 'n triomf vir genl. Hertzog. Uit die konferensie het die Balfourverklaring gevloei wat SA se onafhanklike status bevestig het deur te verklaar dat Brittanje en die dominiums "outonome gemeenskappe binne die

[3] *Hansard*, 25 Mei 1926, kol 4549 (aangehaal deur L. Koorts, *D.F. Malan en die opkoms van Afrikanernasionalisme*, p. 226.
[4] J. H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party*, Deel 2, pp. 200-201.
[5] L. Koorts, *D.F. Malan en die opkoms van Afrikanernasionalisme*, p. 228.
[6] D.F. Malan, *Afrikaner-volkseenheid en my Ervarings op die Pad Daarheen*, p. 104.
[7] *Ibid*., pp. 106-107.
[8] J. H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party*, Deel 2, p. 206.
[9] Ibid., p. 214; S.W. Pienaar en J.J.J. Scholtz, *Glo in u Volk*, p. 142.
[10] J. H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party*, Deel 2, p. 226-227.

Britse ryk (is), gelyk in status, op generlei wyse in enige aspek van hul binne- of buitelandse sake die een ondergeskik aan die ander nie, hoewel verbonde deur hulle gemeenskaplike trou aan die Kroon en vryelik verenig as lede van die Britse Gemenebes van Nasies."[11] Dit was dan die status quo in daardie stadium, hoewel dit eers in 1931 wetlik beslag gekry het toe Brittanje die Statuut van Westminister aangeneem het.


Ná die Balfour-verklaring het genl. Hertzog se houding oor die vlagstryd ook verkoel. Die statuskwessie was opgelos en 'n aantal Engelssprekendes het te kenne gegee dat hulle bereid was om by die NP aan te sluit. Hulle het egter verwag dat die NP as quid pro quo die vlagwetsontwerp moes terugtrek. 'n Vasberade dr. Malan was egter nie bereid om die wetsontwerp terug te trek nie, en dus was Hertzog genoodsaak om die vlagstryd voort te sit.[12]

Voor die aanvang van die parlementsitting van 1927 het dr. Malan 'n aantal persone wat buite die politiek gestaan het, genooi om in 'n vlagkommissie te dien wat 'n vlag moes ontwerp wat deur die breë volk aanvaar sou word. Maar ook dié vlagkommissie se voorstelle het teen soveel teenkanting gestuit dat die wetsontwerp ná die Tweede Lesing weer eens na 'n gekose komitee verwys is.

Om hierdie artikel nie te lank uit te rek nie, gaan ons maar verdere besonderhede verby en beweeg ons na die einde van die politieke drama.

Die saak moes tot 'n punt kom. Uiteindelik het Hertzog sonder medewete van dr. Malan gehandel en Smuts privaat uitgenooi om met hom oor die saak te beraadslaag.[13] Die uitkoms van die gesprekke was die ontwerp wat ons as die Unievlag, en sedert 31 Mei 1961 as die Republiekvlag geken het: die Oranje, Blanje, Blou met die vlae van die voormalige Boererepublieke en die Britse *Union Jack* in die middel op die wit baan. Smuts het aan die *Union Jack* die mees prominente plek naaste aan die vlagpaal gegee,[14] en as verdere bevestiging van die Unie se verbintenis met die *Empire* is die tweestokbepaling by die wetgewing, wet 40 van 1927, ingesluit. Dit het bepaal dat die *Union Jack* by alle openbare geleenthede saam met die Unie-vlag ontplooi moes word. Dié bepaling is in 1957 van die wetboek geskrap.

Op versoek van dr. Malan het die wet op 31 Mei 1928 in werking getree. Op daardie datum is die Unievlag vir die eerste keer amptelik gehys.[15] Daarmee



*Genl. J.B.M. Hertzog*

het die Unie van SA weliswaar sy eie vlag gekry — 'n vlag wat die verskillende volksgroepe in een lojaliteit moes saambind.

Dié kompromisvlag met sy *Union Jack* het egter nooit diep in die hart van die Boer ingekruip nie. Selfs dr. Malan het hom "teleurgesteld en bitter" by die skikking neergelê omdat hy nie 'n skeuring in die NP wou veroorsaak nie.[16] In sy gemoed het die Afrikaner-nasionalis bly hunker na die dag wanneer die gehate simbool van onreg en onderdrukking, die *Union Jack*, uit die vlag verwyder sou word. Die ideale geleentheid daarvoor was toe SA in 1961 'n Republiek buite die Statebond geword het en die Britse konneksie verbreek was. Weens politieke oorwegings van daardie tyd is dit nie gedoen nie en Suid-Afrika het die *Union Jack* op sy vlag in die lank begeerde Republiek ingedra.

Onder dié vlag en bekwame Afrikanerregerings het Suid-Afrika tot 'n ekonomiese reus in Afrika ontwikkel, hoë wetenskaplike, tegnologiese en kulturele prestasies bereik en militêre roem verwerf. Die geslag wat dit alles bereik het, het met dié vlag geïdentifiseer en dit met trots gadegeslaan op ons vlagpale, ons vliegtuie en oral waar dit verkondig het: produkte en prestasies van Suid-Afrika!


Vir die kommuniste en hulle meelopers is die aanskoue van dié vlag een te veel. Die aanblik daarvan herinner hulle telkens aan hulle eie onvermoë en mislukkings. Daarom haat hulle dié vlag en moes dit uit die openbare oog verwyder word, terwyl die beste waarmee hulle vorendag kon kom, 'n oproeplied is om die Boere te vermoor.

---

[11] D.W. Kruger (redakteur), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Tweede uitgawe, p. 518.
[12] J. H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party*, Deel 2, p. 229-230.
[13] *Ibid*., p. 262.
[14] *Ibid*., p. 265.
[15] S.W. Pienaar en J.J.J. Scholtz, *Glo in u Volk*, p. 153.
[16] *Ibid*., p. 273. Dr. Malan se misnoeë skemer ook deur in sy repliek op die tweedelesingsdebat, 27 Oktober 1927, soos aangehaal in S.W. Pienaar en J.J.J. Scholtz, *Glo in u Volk*, p. 152-153.

# Woord en wêreld
## My sógenaamde selfbeeld

*Deur Dr. Gideon Grobler*





*Dr. Gideon Grobler*

**Skrifgedeelte:** Matt. 7:11 *As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!*

**Oordenking:**

Daar word byna as 'n algemeen geldende waarheid verwys na die goeie selfbeeld wat jy moet hê. Jy moet in jouself gló en talle soortgelyke uitsprake wat die mens in die algemeen goed wil laat voel oor hom/haarself

Behalwe die Skrifvers hierbo, is daar Ps. 51:19: *Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!* Matt. 5:3: *Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Om enkeles te noem.*

Terwyl die wêreld wil hê ek moet goed voel oor myself, leer die Skrif my my ellendigheid ken. Watse "selfbeeld" weerklink uit 'n "gebroke gees", "arm van Gees" en julle wat "sleg is"?

Ek is sleg, nie oulik of goed nie! Dit is vir wie Christus gekom het! Vir die verlorenes! Nie vir die oulikes wat vol vertroue in hulself is nie! Hoekom het ek Christus nodig as ek oulik is?

In Christus is ek 'n nuwe skepsel! (2 Kor. 5:17) een wat deur Christus tot alles in staat is! (Fil. 4:13), nie a.g.v. 'n goeie selfbeeld nie.

Hierdie tendens om die mens te vertel hoe goed hy/sy is, en aangevuur word deur die sosiale wetenskappe is 'n bedenklike strategie van die Satan om die nood aan die enigste Verlosser te minimaliseer of stil te maak.

**Gebed:** *Hemelse Vader, laat my myself as nuwe skepsel deur U genade leer ken vanuit U heilige Skrif, asseblief Vader! Laat my asseblief elke dag onthou hoe ellendig ek is buite Christus, maar dat ek deur sy krag tot alles in staat is!*

**AMEN**


**Moeg vir die stad en sy gejaag?**

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by

**Voorbegin Bosveldverblyf**


Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.







# Vlag-uitspraak baie gevaarlik – regskenner

Tydens ‘n onderhoud op RSG se Naweek Aktueel, het die regskenner, prof. Koos Malan, teenoor die verlinkse aanbieder, Anita Visser, gesê dat hy nie verbaas is oor die uitspraak nie. Hy glo ook dat sou Afriforum hom op die Konstitusionele Hof beroep, is dit prof. Malan se verwagting dat dit dieselfde uitspraak sal maak as wat die appèlhof gemaak het, en dat die Konstitusionele Hof ook die bevinding sal maak dat die vrywillige vertoon van die vlag sonder geldige rede as haatspraak gesien kan word.

“Ek dink die uitspraak is gevaarlik”, het prof. Malan gesê. Hy aanvaar dat die vertoon van die ou vlag vir meer bepaald swartmense aanstootlik of beledigend kan wees. “Die begrip haatspraak of haat betuiging, is iets wat die mees ekstreme vorm van afkeer, belediging en haat betuig teenoor mense teen wie dit gerig is. Dit is dus slegs in uitsonderlike gevalle dat haatspraak ter sprake is.” Daarom glo prof. Malan dat die hof in hierdie geval te ver gegaan het. Hy sê dit is ‘n gevaarlike uitspraak vir soverre as dit die beginsel van veral politieke vryheid van uitdrukking, wat ten grondslag van ‘n demokratiese samelewing lê, in die gedrang plaas.

“‘n Klomp goed kom in die spel en daar kan geargumenteer word dat die ou vlag aanduidend is van wit heerskappy en wit meerderwaardigheid. Maar as gekyk word na alles wat meerderwaardig wit is in Suid-Afrika, is daar ‘n klomp goed ter sprake wat ernstige probleme kan skep. Die vraag kan gevra word wat van die Suid-Afrikaanse staat as sodanig, wat die resultaat is van blanke Britse kolonialisme en imperialisme?” Hy wys daarop dat mens verder kan gaan dat die meeste besonderse argitektuur, hetsy die Uniegebou of die Parlementsgebou, selfs die Kaapstadse stadsaal, aanduidend is van Westerse kultuur en sou dus kon aanstoot gee. “Trouens, daar is mense wat inderdaad so argumenteer dat bepaalde skole aanstootlik is vir swartmense juis vanweë die feit van Westerse argitektuur. Dit maak die spreekwoordelike kan wurms oop van ‘n klomp goed wat in die gedrang kan kom wat as onaanvaarbare spraak beskou sou kon word voortspruitend uit die hofsaak.”

Vanuit ‘n streng gesproke regsoogpunt is daar volgens prof. Malan geen rede om die saak na die konstitusionele hof te neem nie. As daar egter ‘n soortgelyke uitspraak sou kom deur die Konstitusionele Hof, skep dit ‘n probleem vir die ander howe, want daar is ook uitsprake deur ander howe dat die spreuk “Skiet die Boer” nie haatspraak is nie, en dit skep ‘n probleem vir die integriteit van die howe as sodanig.



*Dr. Koos Malan*

Mnr. Ernst van Zyl van Afriforum, wat die saak na die appèlhof verwys het, het in dieselfde program gesê dat gekyk moet word na die groter prentjie, en daardie prentjie is dat dit duidelik word dat die reg tot vryheid van uitdrukking jaarliks afgewater word deur sodanige uitsprake. “Afriforum staan ten gunste van die reg van vryheid van uitdrukking, en dit beteken dat selfs aanstootlike simbole getoon mag word. As ons dit nie beveg nie, sal vryheid van uitdrukking aan bande gelê word,” waarsku mnr. Van Zyl.

Hy beskryf die uitspraak in die appèlhof as frustrerend omdat dit die reg van vryheid van uitdrukking aan bande lê. “Daar kom ‘n punt dat ons nie met reg kan sê dat ons leef in ‘n land met vryheid van uitdrukking nie.”

Die appèlhof het lank gevat met sy uitspraak, dus is dit nie verbasend dat dit ‘n uitspraak van 33 bladsye is nie.

Die linkse omroeper, Anita Visser, het hom daarop gevra of hy “intellektueel, en nie noodwendig emosioneel,” kan aanvaar dat die vlag nie vir sekere mense aanvaarbaar is nie. Sy antwoord was dat die vlag aanstootlik is vir baie mense. “Daar is baie dinge wat vir baie mense aanstootlik is. Ek vind byvoorbeeld die ANC regering se rassediskriminasie teen 10-jarige kinders op laerskool aanstootlik, en dus is die ANC se vlag aanstootlik, maar ek roep nie dat dit daarom verbied moet word nie.”

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

**Hermanus van der Schyff**

Ons gaan steeds voort met die toespraak van mnr. Jaap Marais oor Afrikanernasionalisme.

Hy skryf, "Die verantwoordelikheid rus swaar op elke Afrikanernasionalis om meer te gee en meer te doen as wat die oplegging van plig vereis." Let wel wat mnr. Marais hier sê. Daar het, nadat hierdie toespraak gelewer is, 'n verslaentheid oor ons Afrikanervolk gekom en elkeen probeer maar net oorleef. Mnr. Marais vra dat ons meer moet doen om ons volk te red. Ons moet uit hierdie kokon van niksdoen uitkom en weer aktief raak.

Hy sê verder: "Dit is weer die begeesterde minderheid wat die geskiedenis moet maak." Wil u deel wees van die minderheid wat die geskiedenis gaan beïnvloed, of gaan u stil sit en wag dat die ANC en sy kaders ons uitwis?

Mnr. Marais sê verder: "Elkeen sal op die vlak en op die terrein waartoe hy of sy geroep is, pligsgetrou en toegewyd moet doen wat voor die hande lê. Hoe goed elke taak verrig word, sal bepaal hoe vinnig na die hoofdoel beweeg sal word.

"Om 'n groot ideaal te bereik, moet 'n veelvuldigheid van kleiner doelstellings op pad daarheen verwesenlik word. En die grootste waarheid is dat in so 'n strewe die eerste tree gegee moet word. En elke tree maak die volgende tree nodig.

"Die HNP moet struktureel en geestelik sterk gebou word om gaandeweg al groter getalle om hom saam te trek en rigtingvas te hou. Mense wat sterk vertroue en oortuigings openbaar, trek sterk mense. In die huidige fase soek die HNP nie groot getalle wat in emosionele opwinding saamdring nie. Om sulke getalle te behou en te bestuur, vereis sterk struktuur en onwrikbare koersvastheid. Die getalle sal kom namate die struktuur groei.

"Die party plaas die klem op die duursame waardes, dié dinge wat ernstige mense raak en wat ook wel 'n emosionele aanklank het, soos vaderland, vryheid, heldedom.

"By die verwagting dat dié kunsmatige staatsbestel onder die onbekwame regering sal ineenstort en gepaard sal gaan met geweld, is dit noodwendig dat Blankes in Suid-Afrika gedurigdeur daaraan aandag moet gee. As hulle nie daarop voorbereid is nie, sal hulle die prooi van die geweldenaars wees.

"By al die ander oorwegings waarom mense by 'n betroubare party betrokke moet raak, is dit 'n hoë vereiste dat mense hulleself net sal kan beskerm as dit gemeenskaplik gedoen word.

"Deur betrokke te wees by die HNP bring mee dat mense met mekaar in verbinding gebring word. Daaruit ontstaan die moontlikheid van gemeenskaplike aksie.

"Deur die gees van verset wat die HNP opbou, word tegelyk 'n gees van weerbaarheid gebou. Wanneer geweld gehanteer moet word, sal die leiers uit die strukture na vore kom om die stryd te voer na gelang van die toestande wat heers.

"Die ineenstorting van die huidige staatsbestel sal onvermydelik uitloop op verdeling langs etniese grense, soos in Nigerië, Somalië, Rwanda, Bosnië en elders.

"Soos in dié state sal nuwe grense deur stryd bepaal word. Die Afrikanervolk sal deur stryd ook sy grense trek om weer vry te wees van oorheersing.

"'Skep u eie toekoms' is die oproep wat deur die samesweerders en Tsafendas se dolk stil gemaak is. Maar dit is steeds die wagwoord van ons Witmanskap. Om daaraan gehoor te gee, moet die probleme en bedreigings herken word. Maar die gewig daarvan moet ons nie vasdruk tot moedeloosheid en daadloosheid nie.

"Moedeloosheid en daadloosheid is aansteeklik, en dit kan verhoed dat daar aksie en beweging kom. Maar moed en daadwerklikheid is ook aansteeklik. En een mens se moed en daadkrag kan ander begeester en aanspoor.

"Skep u eie toekoms deur met geloof en vertroue die saak van ons volk uit te dra. As klein geloof mense afskrik van 'n uitdaging, is dit ook 'n wonderlike waarheid dat geloof berge versit."

Hier sluit ons die toespraak van mnr. Marais af. Laat sy woorde vir ons moed gee om die toekoms aan te pak op pad na ons Volk se Vryheid.


**WERDA GASTEHUIS**

*Upington akkommodasie*

Perfek vir 'n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, 'n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van *Die Afrikaner.*

***082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za***





# *Die Afrikaner-* uitboufonds

**Hermanus van der Schyff**

Die afgelope paar weke was dit redelik stil met bydraes aan die Uitboufonds. Daar is beslis baie redes daarvoor. Een daarvan is sekerlik die geweldig baie beurtkrag wat ons beleef het, wat aktiwiteite beperk en selfs tot verlies aan inkomste lei.

Maar ons het die fondse nodig, daarom vra ons dat u dit ernstig sal oorweeg om 'n bydrae te maak, of oorweeg gerug ‘n maandelikse debiet opdrag.

Ons erken die volgende bydraes en bedank die lesers vir hul ondersteuning:

| | |
|---|---|
| Mnr. J Wiesner | R1000 |
| Mnr. M Pentz | R 500 |
| Mev. Lulu Steenkamp | R 200 |
| Mnr. W de Boer | R 400 |
| Mnr. G Botha | R 200 |
| Mev. W Bron | R1000 |
| Mnr. M Pentz | R 500 |
| Mnr. J Wiesner | R1000 |
| **Totaal** | **R4 800** |

Intussen het die HNP se Inligtingsdiens sy jongste video vrygestel, en kan gesien word by **https://youtu.be/FskoxdxvtAA.**



Dié video bespreek die hele saak van vryheid vir die Afrikanervolk, na aanleiding van die sogenaamde Vryheidsdag van 27 April, die dag waarop die sogenaamde demokratiese bestel in werking getree het. Die onderhoud word gevoer met mnr. Andries Breytenbach, die vorige HNP-leier, wat dié dag as die “Dag van Skande” beskryf. Gaan kyk gerus waarom hy so sê, en versprei die skakel wyd en syd sodat soveel moontlik mense daardie boodskap kan kry.

Hierdie video is nommer 3 in die HNP Inligtingsdiens se reeks. Tot dusver het reeds etlike duisende mense na al drie video’s gekyk, wat beteken dat dit ‘n wye reikwydte het, terwyl daar elke dag nog mense is wat daarna kyk.

Die vervaardiging van dié video’s gebeur egter nie vanself nie. Mense moet oor ver afstande ry vir die vervaardiging daarvan, die redigering en uiteindelike afronding en plasing daarvan op sosiale netwerke. Dit kan nie onbepaald uit individue se sakke kom nie, en daar is nou ‘n geleentheid vir individue, maar dalk veral vir sakelui, om die vervaardiging van ‘n video te borg. Dit kom neer op ‘n advertensie wat uiteindelik ook belasting afskryfbaar is.

Die borgskap van ‘n video beloop R1 500 per video. Die borg/adverteerder se besonderhede sal op die video vertoon word saam met erkenning dat dié video deur die betrokke instansie moontlik gemaak word.

Dit is egter nie al nie. Die borg van so ‘n video sal ook vir twee uitgawes van ***Die Afrikaner*** ‘n kwart bladsy advertensie kry om sy blootstelling te verhoog en die geleentheid te kry om besigheid uit volksgeledere te genereer.

Enigiemand wat belangstel in dié pakket, kan ‘n boodskap stuur aan **hnpvansa@gmail.com**

Help asseblief om ***Die Afrikaner*** steeds uit te gee.

Betaal asseblief u bydrae in by:

**Bankbesonderhede:**

ABSA tjekrekening: 020001348

Rekeningnaam: HNP (die uitgewer van ***Die Afrikaner***)

Takkode: 632005

Verwysing: U naam en van

# Lesers sê hul sê

vandegraafhenk@gmail.com

**Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*. Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie.**

***(Red.)***

## Lasterlike uitsprake wat emosie ontlok

In Johannes 11:33-36 staan daar: *"Toe Jesus haar dan sien ween en die Jode wat saam met Hom gekom het, ook sien ween, het Hy geweldig bewoë geword in sy gees en Hom ontstel; en gesê: Waar het julle hom neergelê? Hulle sê vir Hom: Here, kom kyk. Jesus het geween. Die Jode sê toe: Kyk, hoe lief Hy hom gehad het!"*

In Markus 3:4,5 staan daar: *"Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die Sabbat goed of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly. En nadat Hy hulle rondom met toorn aangekyk het en tegelykertyd bedroef was oor die hartheid van hulle hart".*

**Die opwek van emosie**

Geagte Leser, ontstellende nuus, dit wat in stryd is in ons eerbied teenoor God wat u en my Christenskap behels, kan elke goedgelowige dwars in die krop steek.

Die afgelope tyd het ons dit weer beleef dat 'n sekere persoon hom gelyk aan die Godheid van Jesus stel. Dit wek die emosie op tot hartseer, die Een vir wie u en ek met ons hele hart lief het, se Naam word belaster. Ja dit is skokkend, kan dit werklik wees? 'n Wêreldling stel homself gelyk aan Hom (Jesus) die een wat die Naam bo alle name dra. As dit nie ontsteltenis of kwaad met hartseer daaragter ontlok nie, is daar beslis fout.

Mense was hoogs ontsteld en vir 10 dae was dit op almal se lippe, maar snaaks genoeg het mense vinnig weer stil geraak. Die vraag is: Pla dit steeds, of is hierdie soort uitsprake iets wat tweede natuur word wat die gelowige mettertyd nie meer sal ontstel nie?

'n Groot gedagte m.b.t. sulke lasterlike uitsprake is, hoe kan ons, wat die naam Christen dra, mekaar ondersteun? As ons na die mense luister, soek almal so half verward na antwoorde, ander is briesend, voel geïrriteerd, emosies loop hoog en handhaaf selfs soms 'n aggressiewe houding.

Al hierdie menslike uitinge is normaal, ons tree verskillend op, en elkeen se emosie en ervaring is geldig en ons glo die gevoel is eg en is geregverdig, want ten diepste gaan dit oor wat die Christen glo en bely.

In Openb. 13:7 sien ons hoe die antichris toegelaat word om te laster, en hoe hy stryd voer teen die gelowiges. En selfs die ongelowige bewoners van die aarde sal hom aanbid. En Openb. 9:20, 21 leer: *"En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstal nie".*

Dit is hoe die ongelowige mens sal ontaard, en dit wat ons nou beleef sal nog veel erger word!

Daar is geweldig baie Skrif in hierdie verband, maar ons moet die geheelbeeld altyd raaksien. En dit is, God is in beheer, en onder Sy toelaatbare wil is hy ook in beheer van die uittartendes, en het ons die versekering dat Hy sy kinders geestelik veilig sal hou. In die eerste aangehaalde gedeelte sien ons dat die Here Jesus het ook emosie beleef. Daarom weet ons, ons mag ook emosie ervaar, maar die diepere is, Jesus verstaan ook ons pyn. God wat deur Jesus aan ons openbaar is, ken die pyn en leed in die aanslae wat teenoor Hom gemik was op aarde, en dit wat u en ek beleef in ons dag.

Na 2000 jaar het dinge niks verander nie, die godsdienstige leiers van 2000j gelede wou God se Seun van God se aarde af verwyder, die Koninkryk wat hierdie Rabbi verkondig moet gestop word.

Die uitspraak van die afgelope tyd is niks nuut nie, ek probeer u nie paai met mooi woorde en 'n sagmaak soort van godsdiens nie. Dit is allermins wat die ware Evangelie behels.

Dit bly 'n saak van uittarting en minagting teenoor die Alerhoogste!! Vanaf die vroegste tye, is die Farao's as god gesien. Later het keisers hulself as god verklaar, Rooms-Katolieke Pouse het hulself as god verklaar. Selfs die engel Lucifer het hom aan God gelyk gestel!!

Maar daar is die meer subtiele.

In ons dag praat ons van humanisme, en dit is wat ons ook in die afgelope dae ervaar het, die selfverheffing van die grootsheid van die eie ek, selfs sogenaamde goeie en gesiene mense, dat hulle as god op die troon van hul eie harte sit.

Dan is daar ook die geleerdes van die dag wat die Godheid van Christus verloën. Baie mense in ons dag, ja ook die sogenaamde elite, is besig met hulle eie mensgemaakte godsdienste. Daar is geen

verskil tussen hierdie en die uittartendes nie.

Dit is hier waar die Boek Openbaring ons leer dat ons as Christene lydsaamheid moet beoefen. As hierdie antichristelike magte met hulle uitsprake kom, en die geleerde elite die Godheid van Christus misken, moet die gelowiges lydsaamheid aan die dag lê, lydsaam om geduldig te bly in lyding, want Christus se lyding is ook ons lyding. Dit beteken ook geduld of lankmoedigheid. Ons mag nie van stryk af gebring word nie, ons mag nie opgee nie, ons moet volhard in lydsaamheid op die Here Jesus se koms.

En nou wil ek met u sommer so padlangs reguit praat. Kom ons kyk so bietjie na onsself. Die groot vraag is: Hoe sien u en my geestelike inventaris daarna uit; is God in alles in besit van my lewe?

Die feite is, die Afrikaner het in 'n gemaksugtige kultuur verval, hy het eiesinnig geword. Die eetplekke, sportterreine en ontspanningsplekke is gevul, die erns van Sondag as Opstandingsdag het verval in familiesamekomste en kuier dae. In ons dag hoor ons baie mense God as hulle Vader noem, maar vele mense wil nie deel van die liggaam van Christus wees nie, wat dan die kerk as hulle moeder het nie, terwyl die kerk geestelik versorg, daar waar hartseer is word vertroos, mense met emosionele seer word heel gemaak, daar waar verlange is, word bemoedig. Kerkloosheid is moontlik die rede vir soveel oneindige onopgeloste pyn en leed.

Waar is die uitroep: "Ek en my huis, ons sal die Here dien", of "Dit was vir my goed om te hoor, ek kan na die huis van die Here gaan". Hoe sien ons huisaltare daarna uit, moontlik tyd om ons Bybels weer af te stof, as 'n gesin kan ons die voorreg gebruik en geniet om rondom Gods Woord te vergader. Want 'n geestelik gesonde huisgesin dien tot 'n gesonde samelewing.

Mede-Afrikaner, ons moet ons inventaris in plek kry, dit wat sy geestelike bates en eiendom is moet hy weer opeis en dit koester. Die waarheid is egter, en al mag dit swaar wees, dat ons ook vir die uittartendes en lasteraars sal bid, ja vir die regering van die dag, hoe anti-Christus dit ook mag lyk. Dit is 'n Bybelse opdrag om vir die owerheid te bid.

Hoe dink u lyk God se barometerlesing in sy lankmoedigheid, teenoor die Afrikanervolk? Deur weer die regte dinge eerste te stel, sal u en ek ook met sekerheid en oortuiging kan weet. *"Geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge, of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping, kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here"* (Rom. 8:38-39).

Mag die Here ons deur sy Gees lei tot insig, in wysheid, geduld, met 'n skerp sin aan oordeelsvermoë, mag die Heer se genade groot oor ons volk wees.

**Gerhard Fourie**
*SAWV Kapelaan Sektor 4 Olifantsrivier Eenheid*
*Marble Hall*

*(Brief verkort. Red.)*


**HUTTEN-BUCHDIENST**



Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
**hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148



**AfriSolar Supplies**

Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstreet 321 (h/v Koraalboom),
Magalieskruin

* Solar-produkte
* Installasie van solar-sisteme

**Axel Powroznik: 082 22 44 584**
**sales@afrisolarsupplies.co.za** **facebook: AfriSolar Supplies**



## *Die Afrikaner*



admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

**Medewerkers:** Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Gideon Grobler
Mnr. Meinhard Peters
Mev. Alet Murray

**Uitleg en tegniese versorging:**
Mev. Juanita Powroznik

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van ’n heelwat jonger Lettie aan ’n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in ’n ouetehuis woon...




**Liewe sus Katrien,**

Donderdagoggende, wanneer ons klomp vrouens rondom ou Union No 8 saamkom, bly maar 'n hoogtepunt in ons week. Servaas sê altyd ons het nie 'n koerant nodig nie, Donderdagoggende word alle nuus versprei.

Gisteroggend het ek sommer vroeg my takies so afskeep-af-skeep gedoen, my breiwerk gegryp en afgesit Handelspos toe. Oom Janneman het blykbaar al vroegdag vuur gemaak, want toe ek instap, dans die ketel al gesellig rond en laat die geur van koffie my dink aan 'n Paryse straatkafee. Terwyl ek nesskop op my stoel en Pieternella se ore vryf, dink ek met dankbaarheid aan jongjare waar ek die wêreld gaan bekyk het en kon koffie drink op 'n sypaadjie in Parys.

Heidie stap in met die hoogste koek wat ek nog gesien het, jy kan maar sê 'n spierwit toring en hy hang ook nie eens skeef nie. Hoe ander vrouens dít regkry, bly vir my 'n wonderwerk.

"Heidie, en watse uithangkoek het jy daar?" vra Bettie.

"Dis nou my niggie Lizzie van daardie klein dorpie naby Hermanus wat my dié koek geleer bak het. Mens noem dit die Eenweek-koek. Daar is sewe lae, elkeen 'n ander kleur. Een laag vir elke dag van die week. Ek het gedink dis toepaslik vir ons, want hier op Tweede Wind gebeur elke dag iets spesiaals."

"Ahaa! Vandag se spesiale ding wat gebeur, is jou koek en omdat dit so 'n mooi en lekker dag is, stel ek voor vandag is die geel laag," kom van Hortensia.

Die koek word gesny. maar 'n sny is te groot vir 'n koekbordjie, dus deel ons dit maar op. Praat nou van lekker! Ek weet nie wat sy alles in die koek gegooi het nie, maar die lae is op mekaar geplak met gekookte kondensmelk.

Die breiwerk lê alles eenkant.

Sarie kom in terwyl die koekfees aan die gang is. Sy kry haar koek en koffie en sê dan: "Amper het die lekkerte nou gemaak dat ek vergeet wat ek julle wil kom vertel. In die pad is daar alweer vier mense wat een slaggat moet toegooi. Een sit op 'n klip en hou die werkery dop, een stoot die kruiwa en 'n derde gooi grond in die kruiwa. Die vierde een haal die grond uit die kruiwa en gooi dit in die gat. Vier wat betaal word vir die tyd wat hulle rondom die slaggat deurbring"

"Ja en as ek 'n skildery verkoop, betaal hulle my vir die produk nie vir die ure wat ek gewerk het nie," kom van Allegro.

"En as ek bokmelkkaas verkoop, word ek nie betaal vir die tyd wat die bok dragtig was en die ure wat dit neem om die kaas te maak nie," voeg Sienie by. "Dink net as ons oral vir die tyd moes betaal en nie die produk nie! Ek dink dis wat verkeerd is in ons samelewing. Ons behoort te betaal vir werk wat gedoen is, nie vir die tyd wat jy kan rondsit met die werk nie."

Bettie begin lag. "Ja, laasweek het ek 'n tand laat trek. Dink net hoe dit sou wees as ek die tandedokter moes betaal vir die tyd wat dit hom neem om die tand uit te pluk!"

Gideon kom ingestap. "Nou het ek alles gesien. Die klomp by die slaggat haal nou al die grond uit die gat en gooi dit dan weer terug. Toe ons hulle vra hoekom hulle dit doen, sê hulle dis die dag se werk, as die gat te gou vol is, moet hulle nog een gaan vol gooi. Heidie, kan ek asseblief ook 'n stukkie van jou koek kry?"

Die tyd stap aan en na 'n laaste koppie koffie pak ons op en keer huiswaarts. Ek het baie om aan te dink... van nou af gaan ek werksmense betaal vir die produk wat hulle lewer, nie vir hulle tyd nie. Ek moet reeds iemand inkry vir die wasmasjien wat lek.

Groete ook aan ou Swaer.

*Jou liefhebbende*
*Sus Lettie.*

